

**Ef 1:1-2 “Aan almal in Efese (of waar jy jou ookal bevind) wat aan God behoort en in Christus Jesus glo. Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!”**

Baie dankie aan almal vir die positiewe terugvoer na die artikel wat in Die Kerkbode verskyn het. Ook vir wildvreemdes wat my gekontak het omdat hulle deur Johannes se verhaal geraak is. Ons hou altyd daarvan wanneer mense op die verslag kommentaar lewer. Ook weereens dankie aan Annalise Wiid wat die storie met soveel deernis, positiwiteit en meeleving vertel het.

My vriendin, Lelanie het onlangs per abuis van haar Johannes-verslae van die rekenaar afgegee. Sy vra toe dat ek van die eerste verslae aan haar moet stuur. Die tyd na Johannes se ongeluk het ek nie baie aandag gegee aan die stoor van verslae en dat alles op datum moet wees nie. Ons het ook intussen van rekenaar verander. Gelukkig is Willem meer georganiseerd en kon hy solank verslag 10 tot 15 aanstuur. Dit was goed (en seer en swaar) om weer daardeur te lees. Van die gebeurtenisse het ek reeds vergeet. Dit het my so bewus gemaak van die vordering wat reeds in die afgelope 7 jaar plaasgevind het. Daarvoor prys ek die Here, want sonder Hom sou ons nie hierdie bergpad elke dag kon loop nie.

Ook 'n spesiale dankie aan elke versorger wat die afgelope kwartaal elke week by Johannes kom diens doen het. Johannes het 'n goeie kwartaal agter die rug. Hy was positief, belangstellend, gemotiveerd, liefdevol en hardwerkend. **Elbie** van der Walt het by Johannes se span aangesluit om Wiskunde lesse te gee. **Sanet** Gronum wat weens gesondheidsrede moes “uittree”, het haar eers kom touwys maak. Baie dankie aan hierdie twee dames vir hulle tyd, liefde en Wiskunde-geduld. Johannes het mooi saamgewerk met die Spraakterapeut, **Jeanne**. Hulle het baie “sports” tydens hulle sessie. Wanneer Johannes begin stotter omdat hy vinniger dink as wat hy kan praat, stop ons hom en vra hom om soos 'n metronoom en in lettergrepe te praat. Dit werk soos 'n bom. Dankie aan **Rozanne** wat elke maand Johannes se hare tuis kom sny.

Dankie aan **Phillip** wat elke week met die grootste geduld Body Stress Release doen en dan vir ons stap vir stap verduidelik hoe die liggaam herstel en reageer. (Dankie ook vir die heerlike Geelstert-visfilette wat ons so stilletjies ontvang.) Vir **Anneline** wat die eina-seer Lino-terapie moet doen en baie moet praat om Johannes se aandag af te lei. Sy gee my weer tyd om 'n rukkie langs die see te gaan stap solank sy met die “marteling” besig is. **Elize**, wat hierdie kwartaal met die grootste geduld elke Donderdagoggend krale saam met Johannes ingeryg het, **Annamarie** wat die “aaklige” LO moet doen en my niggie, **Elna** wat self in 'n rolstoel is, wat ons elke Woensdag vrolik en vol geesdrif inwag vir Geskiedenis. (Die lekkerste is die warm koppie tee wat ek na die sessie van hulle versorger, Johanna, ontvang. In 'n pragtige, fyn,erfstuk-koppie – net soos ek daarvan hou – MET warm melk.) Dankie aan **Riana**, buurvrou wat Dinsdae kom help om Johannes se naels kort te hou en na spesiale Klassieke musiek te luister, **Johan** wat die fietsry moet behartig. Ek en Johan is na 5km papsopnat gesweet. Ons weet ook nou al, al is dit Winter, 'n kortmouhemp is die beste vir hierdie oefening! **Annalie** Benade wat verbete aanhou met fisio 2 maal per week. Sy werk Johannes se sake, maar gelukkig kla hy nie. Is net na die tyd poot-uit van “sit-ups” ens.

Aan die studente, **Mia, Melissa en Stephanie** vir hulle volgehoue entoesiasme, blink oë en lekkegoed-bederf. Johannes kan nie Woensdae vir sy sessie op Stellenbosch wag nie. **Marianne** wat die Aardrykskunde so interessant maak, dat ek nou ook orkane, vuurspuwende berge en aardbewings verstaan. **Annette** wat elke Donderdag getrou al Johannes se moeilike Engelse vrae moet kom beantwoord – ook partykeer per whatsapp as ek nie die antwoord ken nie. **Nico en Heleen** wat ten spyte van hulle eie hartseer, Donderdagmiddae kom om met Johannes te gesels oor die Here – en ook ander “sports” te maak. Johannes geniet **Kobie** se kitaarmusiek en al is Kobie se vingers seer van die artiritis, is hy getrou op sy pos en sing hulle vrolik saam. Dankie aan **Suzaan** wat Vrydae na skool kom kuns gee. Sy en Johannes lag en gesels die hele tyd en dink die snaakste goed uit om te maak. (Ook aan haar ma, Wilna wat haar weer moet kom oppik.) **Samantha** wat fluks en getrou help met die Duits wanneer die matriekprogram dit toelaat. Ook aan die Sondagskoolspan wat elke Sondag vir Johannes by die motor kom haal en weer met die rolstoel terugbring. Johannes sien geweldig uit na hierdie sessies. Maandae ry ons perd by Chilanga. Daar help **Megan, Gordon, Helen en Sue** ons. Ook dankie aan **Chris Baard** vir Johannes se ortodonsie. Ons nader nou die einde en gaan ons Vrydag-uitstappies na hom en die vriendelike ontvangsdame, **Greta**, mis. Johannes het ‘n vol program, maar hy verkies dit so. Hy hou nie van stilsit en niks doen nie. Arthur Rubenstein het gesê: **“I have found that if you love life, life will love you back.”**

#### **Oulike uitdinksels en vrae deur Johannes:**

- Hoekom noem ‘n mens dit oorWAS as dit vuil is?
- Wat noem ‘n mens EEN herwinningsdrom? (*Her* is die voorvoegsel vir *weer*)
- Het Fanus Rautenbach ook na Beethoven se musiek geluister?
- Kan jy ook ‘n sushi (wat rou vis is) allegaartjie eet?
- Hoekom praat ‘n mens van vissey as visse swem?
- Wat is die meervoud van KAT? Meerkat

#### **Gebedsversoeke:**

- Vir energie en geduld vir elke dag se vol program
- Vir sterk bene en oogsenuwees se herstel
- Vir Hein vir volharding tydens die eindeksamen

Ek groet met ‘n aanhaling van **Abraham Lincoln**: **“In the end it’s not the years in your life that count. It’s the life in your years.”**

Baie dankie vir volgehoue gebede en belangstelling. Tot volgende keer. Anelé

## Foto's Vorderingsverslag 74



Johannes en die fisio oefen buite in die tuin



Johannes is 1,63m lank



Ons gesin kuier by Somerbosch



Philip besig met Body Stress Release



Johannes, Melissa en Mia oefen op Stellenbosch



Melissa, Stephanie en Johannes spuit vir Mia nat